Publication: Burger (Kaap)

Date: Wednesday, April 02, 2025

Page: 2

# Immigrasie-adviesraad ná dekade weer op been

Die minister van binnelandse sake het gister aangekondig dat die immigrasie-adviesraad ná meer as 'n dekade weer op die been gebring is.

Die raad bestaan uit 13 lede. Dit sluit in vyf onafhanklike kundiges wat op grond van hul kennis, ervaring en betrokkenheid by immigrasiereg, -beheer, beregting of toepassing gekies is; twee verteenwoordigers wat deur onderskeidelik die sake- en arbeidsektor benoem is; en ses lede wat uit staatsdepartemente en -entiteite aangestel is. Hulle is:

- Mavuso Msimang (onafhanklike voorsitter);
- Andreas Krensel (onafhanklike ondervoorsitter);
- Zahida Ebrahim (onafhanklik);
- James Chapman (onafhanklik);
- Stefanie de Saude-Darbandi (onafhanklik);
- Malose Phoko (georganiseerde arbeidsektor);
- Marisa Jacobs (georganiseerde sakesektor);
- Tommy Makhode (direkteur-generaal van binnelandse sake);
- Yusuf Simons (waarnemende adjunk-direkteur-generaal vir immigrasiedienste van binnelandse sake);
- Genl.maj. (afgetree) David Chilembe (adjunkkommissaris vir operasies: grensbestuursowerheid);
- Shabeer Kahn (rekenmeester-generaal van die nasionale tesourie);
- Anemé Malan (adjunk-direkteur-generaal vir toerismenavorsing, beleid en internasionale betrekkinge van die departement van toerisme);
- Dr. Jacobus Schoeman (adjunk-direkteur-generaal vir binnelandse intelligensie van die Staatsveiligheidsagentskap).

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.